GEBED IV
'n Gebed van Paulus

Fokus teks: Filippense 4: 6-7, 2022.
Liedere: VONKK 303: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 433: 2-4; VONKK 38: 1-3; Psalm 84: 1-2.

AANKONDIGINGS:

- Ons wens graag ons gemeentelede wat in die komende week verjaar, van harte geluk. Sondag 4 Oktober verjaar oom Andries Piek, wat 82 jaar oud word. Maandag 5 Oktober is dit Antonette Engelbrecht se verjaardag, en Dinsdag 6 Oktober vier Drean Pretorius sy verjaardag. Vrydag 9 Oktober verjaar tannie Dirkie Naude, wat 87 jaar oud word, asook Martie de Witt. Saterdag 10 Oktober is dit Juvan Deysel se verjaardag. Mag elkeen 'n besondere en geseënde verjaarsdag beleef!
- Op Sondag 18 Oktober 2026 om 16:00 nooi ons al ons Millennials (1980–1996) na 'n Koffie & Gesels by die Kerkgebou. Dit is 'n geleentheid om saam te kuier, te gesels en oor kerkwees vir vandag te dink. Kom kuier, kom deel, kom groei!
- Op 30 Oktober is dit weer tyd vir ons gemeente se Lekker-Eet! Die werk begin om 08:00 en die verkope begin om 10:00. Kom geniet 'n heerlike verskeidenheid eetgoed, kuier saam en ondersteun

ons gemeente se Lekker-Eet-geleentheid. Ons sien uit om jou daar te hê!

- Ons webbediening bereik mense wêreldwyd! In 2026 het www.nhzuurfontein.org reeds 217 831 besoeke ontvang, met besoekers uit onder andere Suid-Afrika, die VSA, Indonesië, Indië, Rusland, Vietnam, Japan, Kanada en Groot-Brittanje. Op die webblad is daar weekliks nuwe Bybelstudies, artikels en preke beskikbaar. Ons nooi u uit om die webblad te besoek, te lees en saam te groei – van kansel tot wêreld.

LIEF & LEED:

- Ons nooi die gemeente om saam met die familie en geliefdes afskeid te neem van Charl Petrus van Tonder tydens sy gedenkdiens op Vrydag 9 Oktober 2026 om 11:00 by Zuurfontein Hervormde Gemeente, op die hoek van Highveld- en Monumentstraat, Kempton Park. Die diens sal ook aanlyn gestroom word.

GEBED IV
'n Gebed van Paulus

Fokus teks: Filippense 4: 6-7, 2022.
Liedere: VONKK 303: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 433: 2-4; VONKK 38: 1-3; Psalm 84: 1-2.

KLOK:

Die kerkklok beier raak stil as simboliese uitnodiging om stil te word en ons aandag op God te rig. Die klok herinner ons daaraan dat ons nie bloot na 'n byeenkoms toe kom nie, maar dat ons as gemeente saamgeroep word om God te ontmoet, na sy Woord te luister en ons geloof saam te vier.

TOETREDE: VONKK 303: 1-3 ~ Hoor die blye tyding

VOTUM:

Volke mag worstel en oorlog verklaar, mense mag stryd voer met mekaar. Sterre, planete mag brand en vergaan – U troon sal ewig bly staan.

SEËN:

O, Here God, so groot in majesteit! Ons buig voor U in diep afhanklikheid. Ontferm U oor ons in goedgunstigheid. Hoe diep maak U, o Heer, ons weer bewus dat U alleen die goeie gewer is. U is ons hoop, o Heer!

GEBED IV
'n Gebed van Paulus

Fokus teks: Filippense 4: 6-7, 2022.
Liedere: VONKK 303: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 433: 2-4; VONKK 38: 1-3; Psalm 84: 1-2.

LOFSANG: Gesang 190: 1-3 ~ Groete God, aan U die eer

GELOOFSBELYDENIS: Jesus is die opgestane Heer.

Ons glo in Jesus Christus, die Seun van die lewende God. Deur die eeue heen het mense gevra: Wie is hierdie Jesus? Ons bely saam met Petrus: U is die Christus, die Gesalfde van God, die Een wat gekom het om God se beloftes te vervul en sy koninkryk onder ons te vestig.

Ons glo dat Jesus nie maar net 'n leermeester of profeet was nie, maar die Here wat deur God gestuur is, wat gesterf en opgestaan het en wat leef.

Ons glo dat God se hand in Jesus se lewe en werk sigbaar geword het. Wat met Jesus gebeur het, staan nie los van God se geskiedenis met sy volk nie. Dit is die vervulling van God se beloftes wat reeds deur die profete verkondig is. Daarom het Petrus, vervul met die Heilige Gees, opgestaan en verkondig dat God se belofte besig is om 'n werklikheid te word. Hy herinner ons aan die woorde van die profeet Joël: God sal sy Gees op alle mense uitstort.

Ons glo daarom in die Heilige Gees, wat ons oë oopmaak om Jesus as Christus en Here te herken; wat ons geloof wek, ons toerus om te getuig en ons deel maak van God se voortgaande werk in die wêreld.

Ons glo dat God getrou is aan sy Woord en sy beloftes. Wat Hy in die verlede belowe het, het Hy in Christus vervul, en wat Hy vandag doen, staan binne dieselfde verhaal van genade en verlossing.

Daarom bely ons saam met Petrus en met die kerk van alle tye: Jesus Christus is die Seun van die lewende God. Hy is ons Here. Ons behoort aan Hom, ons vertrou Hom en ons wil Hom met ons hele lewe verkondig.

WIL VAN GOD: Gesang 433: 2-4 ~ Kom, Skepper-Gees, kom gee ons seën.

PREEK:

Vandag is ons vierde en laaste preek in die kort reeks oor gebed. Ons het dit reeds met mekaar uitgeklaar dat daar nie net een manier van bid is nie. Gebed is broodnodige

kommunikasie met God en het vele fasette. Ons het nêrens probeer om voorskrifte vir 'n sogenaamde volmaakte gebed te gee nie. Ons het bloot die Bybel gelees en gedagtes oor gebed op die tafel gesit, daaroor gedink, daaroor gepraat en sommige daarvan in ons gebedslewe geïmplementeer.

Ons het in die vorige drie preke die volgende gedagtes op die tafel geplaas:

1. Ons gebed moet altyd op God en God se wil gefokus wees.
2. Wanneer ons bid tree ons in 'n heilige (afgesonderde) spasie met die Almagtige God.
3. Ons behoort altyd & oral te bid.

En vandag maak ons ons Bybels weer oop en ons lees 'n gedeelte van Paulus se gebed. Paulus se gebed vir die gemeente in Filippense. Hy skryf dié brief vanuit die gevangenis aan die eerste gemeente wat hy op Europese bodem gestig het – hoor ons hy het 'n historiese band met hierdie geloofsgemeenskap.

GEBED IV
'n Gebed van Paulus

Fokus teks: Filippense 4: 6-7, 2022.
Liedere: VONKK 303: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 433: 2-4; VONKK 38: 1-3; Psalm 84: 1-2.

Lees saam met my uit Filippense 4: 6-7, ons lees uit 'n 2022 vertaling van die teks. Stephan Joubert, prof. In Nuwe Testament, vertaal die oorspronklike Griekse teks vir ons in verstaanbare Afrikaans:

"*Moenie bekommerd wees oor enige iets nie. Bid altyd en oral. Smeek God en dank Hom. Doen dit terwyl julle alles wat julle nodig het, bekendmaak aan Hom. Dan sal God se vrede julle harte en julle gedagtes beskerm. Hy sal dit doen deur Christus. Hierdie vrede is so groot dat julle dit nie met julle verstand kan uitredeneer, of in woorde kan uitdruk nie.*"

Ons dink maklik aan gebed as iets wat ons doen: ons vou ons hande, ons maak ons oë toe en ons praat met God. Gebed is groter as die woorde wat ons sê. Jou lewe self is 'n gebed. Elke dag, met alles wat jy doen, sê jou lewe iets oor wat jy glo, wat jy vertrou en aan wie jy behoort.

Paulus skryf in Romeine 12:1: "*Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit*

is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen." 'n Offer wat leef, is 'n gebed wat leef.

Augustinus het eeue gelede geskryf: "Ons harte is rusteloos totdat hulle rus vind in U." Miskien is dit juis waar ware gebed begin: wanneer ons hele lewe na God toe beweeg.

Daar is 'n ou verhaal van 'n eenvoudige monnik wat gevra is: "Wat doen jy wanneer jy bid?" Hy antwoord: "Ek kyk na God, en God kyk na my." Dit is meer as 'n oomblik van stilte; dit is 'n manier van lewe. Wanneer ons liefhet, vergewe, dien, luister, hoop, swaarkry en weer opstaan, kan ons lewe 'n stille antwoord aan God word. Gebed is dus jou lewe voor God.

Aan die begin van hierdie gedeelte oor Paulus se Gebed vir die gemeente in Filippense, hoor ek Paulus sê dat ons oral en altyd moet bid. Daarna verwys hy na die moontlike inhoud van gebed:

- Smeek God / Pleit by God

- Dank God
- Maak alles wat jy nodig het aan God bekend.

Hy sluit selfs af met 'n belofte waaroor ons nie vanmôre gaan gesels nie.

Kom ons begin met Paulus se gedagte dat gebed die ruimte moet wees waar ons God smeek en pleit. Gebed is ook 'n worsteling met God. Wanneer ons so bid word dit 'n verhouding met God wat deur ons siel gaan, diep en opreg.

In die Bybel is smeek en pleit 'n eerlike en dringende manier waarop 'n mens jou nood aan God bekendmaak. Dit is nie om God te probeer manipuleer of Hom te oorreed om iets te doen wat Hy nie wil doen nie, maar om met vrymoedigheid jou diepste behoefte, vrees en hoop aan Hom toe te vertrou.

Die Psalms is vol sulke gebede: "*Hoor my, Here, want ek is in nood*" (Ps. 86:7). Jesus self leer sy dissipels om

smeking te bid. Om te smeek is nie 'n teken van swak geloof nie; dit is 'n uitdrukking van geloof – ek bring my nood na God omdat ek glo dat Hy hoor, dat Hy omgee en dat my lewe uiteindelik in sy hande is.

Die Bybel leer ons ook om te volhard in ons smeking voor God. Om nie te gou moed te verloor nie. Hoe lank moet ek aanhou smeek, wel solank dit nodig is!

My gedagtes dwaal ook na Genesis 18, die plek waar ons lees van Abraham se pleitgebed vir die Sodomiete. Abraham hou eenvoudig nie op om vir die Sodomiete te pleit by God nie. Hy hou aan en aan. Dit is die ding van 'n smeekgebed, dit het uithouvermoë!

Daar is ook Handelinge 4 wat my hieraan herinner. Die Kerk van die Here, met die Apostels as hulle geestelike leiers, is onder geweldige druk. Gaan lees dit gerus – die kerk van vandag het werklik nodig om dit te lees. Hulle word fisiek vervolg, gemartel, in tronke gegooi en selfs doodgemaak vir hulle geloof.

GEBED IV
'n Gebed van Paulus

Fokus teks: Filippense 4: 6-7, 2022.
Liedere: VONKK 303: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 433: 2-4; VONKK 38: 1-3; Psalm 84: 1-2.

Ons lees vanaf vers 23 na al hierdie aaklige dinge wat met die Kerk en sy lidmate gebeur het, kom hulle bymekaar. Hulle sit nie op 'n hopie en kla nie, nee hulle begin bid. Hulle bid saam. Selfs hulle begin hulle gebed eers met 'n lofprysing en dan die smeking:
"*En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat U dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind ...*"

Hoor ons sommer ook mooi; hulle smeek nie vir persoonlike rykdom, aansien of mag nie. Hulle smeking is om te kan volhard in die wil van God. Dit is wat dit beteken as ons bid: laat U wil geskied.

Ek hoor ook sommer uit al hierdie gedagtes dat smeking nie persoonlik of oor ons eie moet gaan nie. Ons moet dink aan die wêreld waarin ons leef, die leiers wat ons op elke denkbare vlak moet voorgaan, ons kerk, ons gemeente, ons familie, ons geliefdes.

Hier naby ons, ons huisgesin en ons vriende, daar kry ons dit nog soms reg. Dit raak binnekort weer eindeksamen en ek hoor hoe ouers smekend tot God nader om hulle kinders net suksesvol deur hierdie eindeksamen te kry.

Pleit ons nog aanhoudend by God vir ons gemeente en ons kerk? Dit is bitter nodig, want gevare dreig van binne en van buite om die kerk van die Here te vernietig. Of kla ons en word ons deel van die kerk se doemprofete. My gemeente, my kerk, doen dat nie vir my nie en dit nie vir my nie.

Ek glo met my hele hart dit is die smeekgebede van gemeentelede wat tot gevolg het dat Zuurfontein gemeente hier in die middestad van Kempton Park nog aktief bestaan.

Wat van smeekgebede vir ons land, sy leiers en die vernietiging van hierdie aarde waarop ons woon en asemhaal.

GEBED IV
'n Gebed van Paulus

Fokus teks: Filippense 4: 6-7, 2022.
Liedere: VONKK 303: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 433: 2-4; VONKK 38: 1-3; Psalm 84: 1-2.

Ek hoor Paulus vir daai gemeente in Filippense sê ... EN DANK HOM. Sjoe, Psalm 100 spring in my kop:

[1]Juig tot eer van die Here, almal op aarde!
[2]Dien die Here met blydskap! Kom voor Hom met gejubel!
[3]Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde.
[4]Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam, [5]want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag.

Ook Paulus begin amper elkeen van sy briewe aan die gemeentes vir wie hy skryf met die woorde: ek dank God altyd, vir almal!

Die ander kant van dankbaarheid is ondankbaarheid, bitterheid, ongeloof en soms geestelike, fisieke, relasionele en emosionele dood.

Iemand het eendag iets gesê wat in my kop bly vassteek het: vir elke iets wat ons in gebed vra, moet daar 10 dankies wees. Ons sou ook kon sê, vir elke 10 dinge waarvoor ons dankie gesê het kan ons een iets vra.

Dan sê Paulus: *doen dit terwyl julle alles wat julle nodig het aan Hom bekendmaak*. Ja, dit is wanneer ons hierdie teks hoor wat ons sê: dominee, vat so, sien hier staan ons moet alles wat ons nodig het vra ... so hier is my inkopielys vir God!

Indien hierdie laaste woorde uit jou gedagtes geglip het, moet ons almal weer hoor dat ons slegs ons behoeftes aan God bekendmaak in die mate wat dit binne die wil van God is. Gaan lees Psalm 88 en onthou ons bid vir ons daaglikse brood, dit wat ons eintlik broodnodig het.

Ons het in hierdie reeks geleer om te smeek: "Here, gee wat ek nodig het." Ons het geleer om te dank: "Here, dankie vir alles wat U gee." Ons het geleer om alles aan God bekend te maak: "Here, hier is my lewe – my

vreugdes, my vrese, my vrae en my bekommernisse." Maar miskien is daar nog 'n laaste stap: om ons hele lewe aan God toe te vertrou. Gebed is nie net iets wat ons doen wanneer ons hande vou en ons oë sluit nie. Gebed word 'n manier van leef. Ons loop met God, luister na God, vertrou God en probeer in alles voor God leef. Daarom is die vraag uiteindelik nie net: "Bid ek genoeg?" nie, maar: "Is my lewe 'n gebed?"

Die Duitse teoloog Jürgen Moltmann herinner ons daaraan dat hoop nie net iets is wat ons oor die toekoms sê nie, maar iets wat sigbaar word in die manier waarop gelowiges vandag leef. Miskien kan ons dieselfde van gebed sê: 'n Mens se gebed word uiteindelik sigbaar in sy lewe. Ons smeek God – en daarom leef ons met afhanklikheid. Ons dank God – en daarom leef ons met dankbaarheid. Ons maak alles aan Hom bekend – en daarom leef ons met vertroue. En wanneer ons dan opstaan van ons gebed, gaan ons nie weg van God af nie; ons gaan saam met God die wêreld in. Mag ons

daarom nie net mense wees wat soms bid nie, maar mense wie se hele lewe 'n gebed tot God geword het. Amen.

GEBED:

SLOTSANG: VONKK 38: 1-3

SEËN:

Ons word nie deur ons sondige natuur beheer nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in ons. Amen.

WEGSENDING: Psalm 84: 1-2